12 Aug
Uitgawe 2009/08/12

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie; vervolg, maar nie verlate nie; neergewerp, maar nie vernietig nie. Gedurig dra ons die sterwe van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word. (**2 Kor.4:8-10**). In elke teëspoed het ons die versekering dat God met ons is. Hy sal ons nooit verlaat nie. Ons is gered en ons het die vaste vertroue wat altyd in ons harte brand en ons aanmoedig om nooit tou op te gooi nie. Ons gee nooit moed op nie, al vergaan die uiterlike, nogtans word die innerlike mens dag na dag vernuwe. ***Vader, dankie dat U Jesus gestuur het. Jesus, U is ons Anker wanneer die waters troebel en stormagtig is en ons Rots wanneer ons oorweldig voel. Ons vertrou op U.***

Deurbraak : Ervaar vreugde in gebed

Dan, een van die leiers van die *Guildford Boiler Room* het die volgende getuie gedeel van 'n dame wat die 24-uur gebedskamer besoek het. *"Sy het 'n vooropgestelde idee gehad dat haar ervaring baie intens en georden sal wees. Maar toe sy hier aankom het sy besef dit is nie die waarheid nie en het die vryheid gevind om op verskillende maniere te bid deur die verskeie kreatiewe opsies wat aan haar voorgelê was. Sy was so geïnspireer dat sy later die week weer kom inloer het met haar kinders. Hulle het vir 'n uur lank geverf en gedans in die vryheid wat net beskikbaar is in Jesus."* (Webruimte: http://www.24-7prayer.com/blog/1063, 03/08/09). ***Dank die Here vir die manier waarop Jesus hierdie dame aangeraak het. Bid dat sy en haar familie sal groei in hul gebedslewe en dat die Here hul voortdurend sal verras soos net Hy kan. Bid vir die koördineerders van gebedskamers; bid dat ander mense die vreugde en passie van God sal geniet soos hulle voortdurend voor God staan in gebed.***

Bid vir jou gemeenskap : Seëninge rig 'n stad op

Oor die voorspoed van die regverdiges jubel 'n stad, en as die goddelose omkom, is daar gejubel. Deur die seën van die opregtes kom 'n stad op, maar deur die mond van die goddelose word dit afgebreek. (**Spr. 11:10-11**). Ons word daagliks gekonfronteer deur die toestand van ons stede en land. Armoede, korrupsie, ongeregtigheid en ander vorme van ongeregtighede omring ons van alle kante. Ons kan 'n verskil maak in ons invloedsfeer. Ons kan dit doen met die gesag wat ons het in die naam van Jesus Christus. Verhef jou stem en verklaar hoe God jou voorspoedig gemaak het en spreek die seën van die Here oor die stad. ***Hemelse Vader, ons spreek U seën van barmhartigheid en voorspoed oor ons gemeenskap. Ons stad sal jubel in U. Elke tong sal die goedheid van die Here spreek.***

Suid-Afrika : Varkgriep gevrees

Ten minste 190 skole in die Wes-Kaap het gevalle van varkgriep aangemeld en 'n kwart van die provinsie se leerlinge is afwesig weens siekte. Die verspreiding van die siekte is onvermydelik en versprei van persoon tot persoon. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=105&art_id=vn20090811084603961C698625, 11/08/09). ***Bid dat die land nie angsbevange sal word nie en dat God se Gees sal heers in elke hart. God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar 'n gees van liefde, krag en selfbeheersing.*** (**2 Tim.1:7**).

Internasionaal : Viëtnam

Die hoop wat Christene vier tot vyf jaar terug gehad het is besig om te kwyn. In daardie tyds nuwe regulasies in plek gesit om meer vryheid te akkomodeer. Vandag is kerkgangers op hul hoede omdat klopjagte besig is om toe te neem. In Hanoi het vier polisiemanne en twee regeringsbeamptes 'n Sondagdiens onderbreek. Een offisier het die lede gedreig en gesê as hul die volgende week weer ontmoet sal hy hulle soos honde doodmaak. Die geestelike Viëtnamese leiers is oortuig dat hierdie aanvalle goedgekeur is deur die regering omdat dit so wydverspreid is. Hulle glo dat alhoewel dit nie gedokumenteer is nie, is dit wel 'n beleid van die regering om die verspreiding van die Christendom stop te sit. (Webruimte: http://mnnonline.org/article/13052, 11/08/09). ***Bid asseblief vir die Gelowiges in Viëtnam. Bid dat hulle standvastig sal bly in hul geloof ten spyte van die toename in aanvalle op Gelowiges.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com